NUWE BOEKE

T.T. CLOETE (RED.), A.P. GROVé, E. BOTHA & J.P. SMUTS
Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig.
Nasou Beperk. 1980. Prys: R13.00.

Prof. F.I.J. van Rensburg, RAU
Toespraak by geleentheid van oorhandiging aan die redakteur en skrywers
Sunnyside Park-hotel
14 April 1980

Die lewe van die letterkunde word nie net uitgemaak deur die primêre literatuur nie, maar ook deur die sekondêre. Die sekondêre literatuur – byvoorbeeld in die gestalte van die kritiek en die literatuurgeskiedenis – het iets heel eie om in die literêre lewe te doen. As die kritikus en die literatuurhistorikus die literatuur konkreet en persoonlik meegemaak het, as hulle fyn en skerp ervaar het wat werklik 'n bydrae tot die groei van die literatuur gelewer het, en wat nie, dan kan hulle neigings in 'n letterkunde blootlê wat andersins ongemerk sou kon verbygegaan het. Die geleentheid van veral die literatuurgeskiedenis is die geleentheid van perspektief. 'n Mens sou die literatuurgeskiedenis 'n wapenskouing van 'n kultuurgemeenskap oor homself kon noem, 'n voorraadopname van sy sterktes en sy swakhede.

Die literatuurgeskiedenis is dan ook nie iets vir enigeen nie. Dit lê 'n streng dissipline aan sy beoefenaar op.

Wat is die besondere bydrae van hierdie literatuurgeskiedenis-cum-kritiek tot die klein skaar van literatuurgeskiedenisse en -oorsigte waarmee ons deserdae oorval word?

Dit kan kort gestel word: dit voorsien in 'n wesenlike behoefte. Dit vertel nie 'n storie oor nie. Die twee literatuurhistorici Dekker en Antonissen het die verhaal van die Afrikaanse letterkunde tot by die poorte van Sestig gevoer, met die beginnende verkennings verderaan wat daarby hoort. Maar 'n groot oorsigtelike waardeskatting van wat met die Afrikaanse letterkunde in die belangrike periode van Sestig af gebeur het – ek bedoel nie voorlopige rapporte van allerlei slag en soort nie – was tot vanaand afwesig. Waar Dekker en Antonissen opgehou het, daar neem *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* nou oor. Daarmee, kan 'n mens sê, het die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing opnuut sy volledigheid bereik.

Dát soiets gebeur het, is 'n feit van belang, maar is natuurlik nie die laaste woord oor die saak nie. Die vraag van belang is altyd: hóe is hierdie doel verwesenlik?

Op die gebied van die hoe bring die boek iets besonders.

Ten eerste deur sy kombinasie van literatuurgeskiedenis en kritiek. 'n Mens kan 'n literatuurgeskiedenis skryf en meen dat dit jou taak is om ten alle koste 'n voortgang in die tyd te teken – elke feitjie moeisaam en soos 'n monnik op 'n tydkaart ingevul en sommiges van hulle selfs as tradisielyne voorgestel. Daarteenoor kan jy 'n literatuurgeskiedenis skryf wat die grootste moontlike ruimte laat vir 'n persoonlike waardeskatting van elke werk wat in die loop van die voortgang as belangrik aangedui word.

Hierdie boek is, soos gesê, sowel 'n literatuurgeskiedenis as 'n bundel kritieke, maar die kritieke is so in die geheel opgeneem dat hulle 'n noodsaaklike nadere motivering gee van die feite wat op literatuur-historiese vlak gestel is.

Daar kan gesê word – en dit sal seer sekerlik gesê word – dat as gevolg van hierdie kombinasie van literatuur-geskiedenis en kritiek dit 'n bont boek is, vis nog vlees. So 'n reaksie sal egter die punt miskyk dat die boek 'n nuwe konsep op die gebied van literêre geskiedskrywing verteenwoordig. Dis in hoë mate weldadig om in 'n literatuurgeskiedenis volledig uiteengesit te kry – soms by wyse van 'n terugverwysende addendum – waarom 'n bepaalde boek 'n belangrike dokument in die historiese verloop is. En die weldadigheid word verhoog deur die ervaring dat die saak waarom dit in laaste instansie in literatuurstudie van watter aard ook al gaan, naamlik die literatuur self, vars, oorspronklik en persoonlik meegemaak is. Dis nie reeds gekoude kos, 'n kompendium van ander se menings nie.

Die tweede besondere aspek van die boek is die meervoudige outeurskap daarvan. Ons kry hier vier, maar in die besonder drie verskillende wyses van kyk na literatuur. Ook hierdie aspek sal die werk waarskynlik ten kwade gedui word. Die boek sou eenheid mis. Eenheid is egter nie die alfa en die omega van 'n projek van hierdie aard nie. As die skrywer van 'n literatuurgeskiedenis die hele tyd net vanuit 'n tematiese hoek na werke kyk (en die gebrek aan volledige struktuurkyk opdollie met allerlei neerhalings, ophemelings, bibliografiese optooisel op ongewone plekke, en dergelike), dan is eenheid beslis 'n nadeel.

In hierdie literatuuroorsig kry 'n mens drie duidelik-onderskeibare perspektiewe op die literêre werk. Wat 'n mens aan benaderingswyses in een bydrae kortkom, vind jy in 'n ander terug. Sodoende is die werk 'n ryk bundeling van benaderingswyses of invalshoeke. Die werk sou myns insiens kon gebaat het by 'n strenger redaksionele tug, veral so ver dit 'n konsekwenter be-

kelmtoning van die historiese faktor by al die bydraers betref. Maar ook in hierdie opsig oorheers die positiewe die negatiewe beslissend.

Alles in ag genome, kan 'n mens sê dat ons met *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* nou welvoorsien is so ver dit ons historiese behoefte betref: saam met Dekker en Antonissen voltooi dit ons hele prentjie.

Maar 'n werklik goeie boek bevrédig nie net 'n behoefte nie; dit skép dit ook. En die behoefte wat dit met sy eiesoortige aanpak skep, is om ook die Afrikaanse letterkunde vóór Sestig op hierdie wyse aan te pak.

Dit sal 'n ontsaglike taak wees. Maar die resultaat behoort 'n vars en pril literatuurgeskiedenis te wees.

Ek het nie twyfel daaroor dat hierdie boek die studie en ervaring van die Afrikaanse letterkunde ten goede gaan kom soos niks anders sedert Dekker en Antonissen nie. Dit gaan die huishoudelike naam op sy terrein word.

**

RONA RUPERT. 1979. Woorde is soos wors. Kaapstad, Tafelberg. Prys: R25.25.

Veral in haar jonger boeke konsentreer Rona Rupert op die uitbeelding van armrige kinders wat daarby met besondere probleme te kampe het. In hierdie boek is daar verdere 'gemene delers': soos in *Wegloopwinter*, speel 'n jeugsirkus hier 'n belangrike rol. Die skryfster se liefde vir musiek, wat byvoorbeeld in *Die musiek wat die koning wou hoor* die tema gevorm het, kom in dié verhaal tot uiting in die feit dat die hoofkarakter se beste maat 'n pa het wat in die Stadsorkes speel, en 'n suster wat lewe vir haar klavier. Soos byvoorbeeld in *Brandkloof se kinders* is hier ook weer 'n ek-verteller aan die woord.

Maar dan noem ek dit 'gemene delers' in die beste sin van die woord. Dié boek is ook iets geheel op sy eie, met 'n atmosfeer en wêreld eie aan homself — 'n werk van gehalte.

Wat 'n mens opval, is die deeglike kennis wat die skryfster openbaar van die ruimte waarin sy haar karakters plaas: Kaapstad met sy wind en berg en dreigende winterreën in laat-April; 'n woonstel in 'n gebou wat ironies *Brighton House* heet; 'n hospitaal; in die besonder ook die jeugsirkus wat die spil vorm waarom die hoofkarakter Josias se lewe wentel. Niks is vaag of lukraak nie; elke ding word beskryf asof dit werklik en lewend is.

Tydaanwending is interessant en tog nie verwarrend vir die kinderleser

nie. Die geheel word meegedeel as iets wat klaar gebeur het: oorkoepelend word dus van die verlede tydsvorm gebruik gemaak, hoewel daar onopsigtelike oorskakeling is na die historiese praesens wat in Afrikaans die normale manier van vertel is. Die verhaal begin in April, skakel na 'n ruk terug na Februarie om te verduidelik hoe Josias en sy boetie en sussies in die kinderhuis beland het, en neem die storie dan weer op waar dit in April gelaat is. Net die heel laaste kort hoofstuk word in 'n latere hede geplaas. Hierdie manier van terugskouing bring wel 'n bepaalde distansiëring mee tussen verhaal en leser, gee laasgenoemde minder kans om direk betrokke te voel by die gebeure, maar in 'n mate word hiervoor vergoed deur die gebruik van die eerstepersoonsverteller, wat juis weer 'n nouer betrokkenheid impliseer.

Hoewel die klem nie val op oppervlakkige uiterlike gebeure nie, is die gang van die verhaal van die eerste bladsy af spannend. Elke handeling spruit gemotiveerd uit die vorige of uit die karakter van die hoofpersoon: dit geld ook die krisis, as Josias se boetie berg op verdwyn. Hy het voorheen al weggeloop, en Josias se leuen dat hy self teen die berg gaan draf, maak so 'n optrede heeltemal oortuigend. Net so aanvaarbaar is die klimaks, waarin Georgie lewend gevind word én waarin Josias se maat Meyer sy spraak terugkry. Elke skyn van sensasie of 'n te maklike oplossing word vermy: Meyer het begin hakkel toe sy ma dood is, nou laat nog 'n skok, maar 'n seuntjie wat *lewe*, hom die sielkundige belemmering afskud. Daarby kom die mooi ontwikkeling dat die spraakverlies die gevolg was van eie skok en smart; die terugwen word moontlik omdat hy hom verheug oor 'n ánder mens se gesinslid wat lewend uit 'n ongeluk gekom het. Omdat álle probleme nie opgelos word nie – Josias se pa kom nie terug nie en hy en die ander moet in die gehate kinderhuis bly – kry die kinderleser ook die waardevolle indruk dat alle moeilikhede nie oornag verdwyn nie maar dat die karakters leer om dit te verwerk.

Daar word van baie karakters gebruik gemaak in die boek – dis moontlik dat lesers hier en daar verwar sal word. Die hoofkarakter staan egter baie sterk sentraal en word 'n volledige seun met goeie én swak punte. Sy verhouding met volwassenes is meestal positief en word nie beklemtoon nie. Sy sussies bly vae figure, maar die boetie speel 'n belangriker rol – sy weglopery uit die kinderhuis, die begeerte om ook na die jeugsirkus te gaan – vorm 'n newetema wat die werk verryk. Met fyn insig en 'n bietjie humor word verwys na Josias se bewondering vir June, die leidster van die dogtersakrobate by die sirkus, wat later verflou en dan vervang word met sy groot verering vir Meyer se mooi suster Lana. Die sterkste word Josias se verhouding met sy maat – eers vyand – Meyer geteken; dis deur hierdie verhouding wat hy groei wat eie insig betref.

Taalgebruik is gevoelig en tog sober. Daar is treffende beskrywings soos: „Die rytjie dennebome op Seinheuwel het soos die hare op 'n rifrughond se rug regop teen die pienk lug gestaan" (p. 34). Effektiewe herhaling kom voor: „Maar hy was wit in sy gesig, soos wit papier wit is" (p. 44), 'n keer wel ook hinderlike herhaling: „Ek het geweet hy weet van alles. Bob is net so alwetend; almal weet hy is" (p. 53). En sou die volgende 'n setfout wees: „Daarna het die esel en die donkie en die hoenderhaan die huis oorgeneem" (p. 35) – dis seker 'n esel en 'n hond?!

Engelse woorde tussenin hinder nie, verhoog eerder die realisme, maar dan moet dit konsekwent gedoen word. Dis onaanvaarbaar dat enersyds van 'n „blyd", „getryn" en „laaik" gepraat word, en andersyds van „performance", „hitch-hike" en so meer.

'n Fout wat kinders gou gaan uitwys, is dat Josias eers sê sy pa is twee jaar lede vort, net na die geboorte van die baba (wat dus nou twee is), terwyl hy later daarop wys dat hy nege was toe sy pa weg is, dus *drie* jaar gelede (p. 49).

Die illustrasies in hierdie boek is met smaak gedoen en verhoog die waarde van 'n werk wat ons kinderliteratuur ten goede kom.

Die Scheepersprys vir jeuglektuur is vanjaar aan haar toegeken vir *Weg-loopwinter* en *Woorde is soos wors.*

Dr. Elsabe Steenberg
Departement Afrikaans-Nederlands